

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.6 Vol. 39 Pg. 1787-1849.

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-03-04

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JAC

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEI

39

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 39

(Bladsye 1787 - 1849)

HOF HERVAT OP 4 MAART 1986.

PETER MOHAPI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : Hierdie getuie gaan getuig oor paragraaf 72 op bladsy 314 van die akte van beskuldiging, asook oor paragraaf 77(1) tot (6), dit begin op bladsy 353.

HOF : Net om vinnig op te som, waarom gaan dit?

MNR. FICK : Dit gaan oor die gebeure in Boipatong, die vergaderings daar en dan die voorval op 3 September in Boipatong, wat daar gebeur het by die vierkant en dan die mars.

HOF : Is dit 'n getuie wat gewaarsku moet word? (10)

MNR. FICK : Dit is 'n getuie wat die Staat vra om gewaarsku te word ingevolge artikel 204.

HOF : Mnr. Mohapi, die beskuldigdes staan tereg op 'n aanklag van hoogverraad, alternatiewe aanklagte van terrorisme, subversie en moord. Die Staat beweer dat die getuienis wat u mag aflê u moontlik mag inkrimineer op enige van die aanklagte waarop die beskuldigdes skuldig mag wees en ek is dus verplig om u te waarsku onder artikel 204 van die Strafproseswet dat u verplig is om vrae te beantwoord, al sou daardie antwoorde u inkrimineer, maar dat indien u bevredigend en waar ant- (20) woord, ek u kan vrystel van vervolging op enige van die aanklagte of op almal. . U is dus verplig om die vrae te beantwoord.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is woonagtig te Boipatong? --
Ja.

U is op 7 Augustus 1984 afgedank by u werk in Johannesburg?
-- Ja.

U is die volgende dag na Johannesburg om u lone te gaan kry? -- Ja.

U het teruggekom by die huis en wat vind u toe u terugkom by die huis? -- Met my aankoms by die huis was die huis (30) gesluit gewees. Dit is my ouers se huis. Dit is nie my eie

huis nie.

Waarom was dit gesluit? -- Omdat ons agterstallig was met die huurgelde.

U het die volgende dag u suster gestuur om die huur te gaan betaal? -- Ja.

En op daardie dag het u 'n persoon ontmoet wat met u gesels het in verband met die huurgelde? -- Ja.

Wie was dit wat u ontmoet het? -- John Mokoena.

Sien u hom hier in die hof? -- Ja, hy is hier.

Waar is hy? -- (Getuie dui aar) (10)

HOF : Laat hom opstaan. Is dit hy? -- Ja, dit is hy.

Beskuldigde nr. 11.

MNR. FICK : Wat het hy met u gesels in verband met die huishuur?

HCF : Het hy by u aangekom érens? Waar het hy u kom spreek? -- Ons het mekaar ontmoet by 'n hoek van 'n straat.

Het u hom vantevore geken? -- Ja, ek het hom geken. Ons woon eintlik in dieselfde straat.

MNR. FICK : Wat het hy met u gesels in verband met die huur? -- Hy het aan my gesê hy is van Sharpeville af waar hy 'n (20) vergadering bygewoon het. Die gesprek daar was oor die verhoogde huurgelde.

Wat het toe gebeur? -- Hy het toe verder aan my gesê dit is verwag dat ons ook in hierdie woonbuurt van ons 'n komitee moet stig.

Het beskuldigde nr. 11 gesê wie verwag dat daar so 'n komitee gestig moet word? -- Hy het nie spesifiek gesê wie dit was wat so gesê het nie, maar wat hy vir my verder gesê het is dat as gevolg van die gesprekke wat hy gehoor het by hierdie vergadering wat hy bygewoon het te Sharpeville, was hy ook (30) van mening en dit is sy gevoel dat ons ook 'n komitee moet

... / stig

stig.

Gaan voort? -- Hy sê toe verder dat ons op die 15de by sy woning bymekaar moet kom.

HOF : Die 15de van dieselfde maand? -- Die 15de van Augustus.

MNR. FICK : Het hy gesê waarom moet julle by sy huis bymekaar kom? -- Hy het gesê die doel hoekom hy wou hê dat ons by sy huis bymekaar moet kom was dat daar 'n komitee moet bestaan sodat ons hierdie dinge van die huurgelde kan bespreek.

Die dag van 15 Augustus, het u na beskuldigde nr. 11 se huis toe gegaan? (10)

HOF : Dit is 1984?

MNR. FICK : 1984, ja. -- Ja, ek het.

Was daar nog ander mense behalwe u? -- Ja, daar was.

Was daar 'n komitee gekies? -- Ja.

Kan u eerstens aandui, het hierdie komitee 'n voorsitter en lede gehad? Weet u wie hulle is? -- 'n Sekere man met die naam van Seotso was 'n lid gewees. Die voorsitter van hierdie komitee was mnr. Balfour.

En die vise-voorsitter, wie was dit? -- Ek was die vise-voorsitter. (20)

En die sekretaris? -- John Mokoena was gekies.

Is dit nou beskuldigde nr. 11? -- Ja.

Was daar nog enige ander lid behalwe Seotso wat u van gepraat het? -- Ene Mohau Motaung was gekies as 'n lid.

Hierdie persone wat verkies was, was hulle almal teenwoordig? -- Ja, ons was almal daar gewees.

HOF : Het julle 'n naam gegee vir julle komitee? -- Ja.

MNR. FICK : Wat was dit? -- Boipatong Residents' Committee.

Is daar op hierdie vergadering, 15 Augustus 1984 gepraat of besluit oor wat hierdie komitee gaan doen, waarvoor hy (30) gaan staan? -- Ja, dit was gesê dat hierdie komitee gaan die

gemeenskap verteenwoordig as daar verteenwoordigers moet wees vir die gemeenskap by die raadslede aangaande die huurgelde.

Was daar enige besluite geneem wat hierdie komitee moet doen in verband met die huurgelde? -- Ja. As gevolg van wat John Mokoena gesê het, dit wil sê wat besluit was by die vergadering te Sharpeville was soos volg: Dat as die raadslede nie die huurgeld wil verminder nie, dan sal hulle, die raadslede, moet bedank.

HOF : Was dit gemik op die verhoogde huur wat op 1 September sou in werking tree of was die vermindering gemik op die (10) bestaande huur? Moes die bestaande huur verminder word of wou julle nie die verhoogde huur hê nie? -- Dit was gemik op die geld wat verhoog moet word.

Dus met ander woorde, hulle moet nie die verhoging deurvoer nie? -- Ja.

MNR. FICK : U sê daar is gesê dat as die raadslede nie toestem dat die huur nie verhoog word nie, moet hulle bedank? -- Ja.

Is daar enigiets verder besluit oor die feit as die raadslede omdraai en sê hulle wil nie bedank nie? -- Ja. (20) Hy het verder gesê wat gesê was by die vergadering wat hy vroeër bygewoon het, was as hulle nie wil bedank nie, moet hulle besighede, dit wil sê die raadslede se besighede, geboikot word.

HOF : Het beskuldigde nr. 11 gesê dat dit gesê was by die vergadering waar hy was in Sharpeville? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Is daar enigiets gepraat oor wat nou gaan gebeur? Moet die boikot tot in ewigheid aangaan? Of wat was verder gepraat? -- Ja, hulle huise sal dan aan die brand gesteek word. (30)

Wanneer? -- As hulle nie verstaan oor dit wat gedoen moet

word en dit nie doen nie.

Eerstens die hulle wat u van praat, wie is die hulle wie se huise aan die brand gesteeek moet word? -- Die raadslede.

Tweedens moet u vir my sê en my reghelp, was daar gesê as die boikot nie help nie, moet huise aan die brand gesteeek word of moet dit in elk geval aan die brand gesteeek word? -- Die ooreenkoms was dat as die boikot geen effek het op hulle nie, dan alternatiewelik, moes hulle huise aan die brand gesteeek word.

HOF : Is dit wat beskuldigde nr. 11 berig het wat besluit (10) is op die vergadering te Sharpeville of is dit wat beskuldigde nr.11 gesê het julle moet doen? -- Dit was 'n besluit wat geneem was by die vergadering te Sharpeville.

Wat moes julle daaromtrent doen? -- Ons plig was om die mense te gaan sien en met hulle te gaan praat oor die huur- gelde wat verminder moes word.

Wat was beskuldigde nr. 11 se houding oor wat julle moet doen in verband met die besluit te Sharpeville? -- Ons moes eintlik die besluite gevolg het wat geneem was te Sharpeville.

Moes julle die besluite van Sharpeville uitvoer? -- Ja, (20) dit is so.

Het beskuldigde nr. 11 so gesê of het jy dit maar net afgelei? -- Dit is hoe hy dit gesê het.

MNR. FICK : Die mense wat daar teenwoordig was waarvan u die name hier gegee het, was hulle almal tevrede met wat hy gesê het? -- Ja, ons was almal tevrede.

Was daar so 'n besluit geneem of was almal maar tevrede en was daar nie spesifieke besluite geneem dat dit gedoen moet word nie? -- Ons was tevrede en toe besluit dat ons dit gaan uitvoer, soos dit voorgestel was. (30)

Was daar op hierdie vergadering enigiets gesê oor massa-

vergaderings wat gehou moes word of wat plaasgevind het? --

Ja, daar was.

Wat was gesê? -- Wat gesê was daaromtrent was dat ons die mense bymekaar moet kry en 'n massavergadering hou om die mense daar toe te spreek oor hierdie aangeleentheid van verhoogde huurgelde in die sin dat dit nie betaal moet word nie.

Was daar deur hierdie vergadering van 15 Augustus 1984 'n besluit geneem dat daar so 'n massavergadering gehou moet word? -- Ja.

Was daar besluit waar die vergadering gehou moet word (10) en wanneer? -- Ja.

Kan u meer uitbrei daarop? -- Die besluit was geneem dat hierdie vergadering by die "church" gehou moet word.

HOF : Watter kerk? -- By die "Anglican Church" gehou sal word.

MNR. FICK : Wie is die leraar by daardie Anglikaanse Kerk? -- Hy is onbekend aan my, maar wat hy gesê het is dat hy Moselane, die predikant, sal moet gaan spreek daarvoor.

Wie het gesê hy moet die predikant, Moselane, gaan spreek? -- John Mokoena het so gesê.

Beskuldigde nr. 11. En die predikant Moselane, het u (20) hom geken? -- Nee, ek het hom nie geken nie.

HOF : Waar is die kerk? -- Die kerk is geleë te Boipatong. Die gedeelte waar die kerk geleë is in Boipatong is bekend as "Los my Cherry."

Was daar enige besluite geneem oor hoe die vergadering geadverteer moet word en of hy geadverteer moet word? -- Ja, dat pamflette gemaak sal moet word om versprei te word aan die mense sodat mense deur middel daarvan kennis kan neem van hierdie vergadering.

MNR. FICK : Weet u waar die pamflette verkry moes word (30) en wie hulle moes opstel? -- John Mokoena het gesê hy sal dit

bekom. Hy het nie gesê waar en hoe nie.

HOF : Is daar gepraat oor die koste daarvan? -- Geen melding was gemaak van die koste daarvan nie.

MNR. FICK : Na hierdie vergadering van die 15de, was daar weer 'n vergadering gehou voor die massavergadering? -- Ja, nog by John-hulle se woning. Dit was op die 22ste.

Weer Augustus 1984? -- Ja, nog steeds in Augustus.

HOF : Weer 'n komiteevergadering? -- Ja.

MNR. FICK : Was al die komiteelede by hierdie vergadering? -- Ja. (10)

Wat is by hierdie vergadering bespreek van 22 Augustus 1984? -- Toe ons daar kom, het hy ons kennis gestel dat hy reeds toestemming verkry het van predikant Moselane vir die gebruik van die kerk.

Eerstens, wie is die hy wat dit gesê het? -- John Mokoena.

Beskuldigde nr. 11. Het hy gesê wanneer die kerk gehou kan word vir die massavergadering? -- Ja, hy het gesê op 26 Augustus.

1984? -- Ja.

En was daar weer gepraat oor die pamflette? -- Ja, hy (20) het gesê die pamflette sal versprei moet word tussen die mense.

HOF : Was die pamflette al daar? -- Nee, dit is voor dit daar afgelewer was.

MNR. FICK : Was daar enige besluite geneem oor wie op hierdie massavergadering die sprekers gaan wees of was dit nie besluit nie? -- Ja, dit was besluit.

Wat was besluit? -- Die lede van die komitee sou die mense gewees het wat as sprekers sou optree by hierdie vergadering.

HOF : Al die lede? -- Ja. (30)

MNR. FICK : Is daar besluit of bespreek of gepraat waaroor

die lede spesifiek gaan praat of kon elkeen maar sê wat hy wil? -- Daar was nie besluit oor die aspek waaroor elkeen gaan praat nie, maar oor die algemeen was dit 'n bekende feit dat ons almal gaan praat oor hierdie vermindering van huurgelde.

Op die Vrydag voor die vergadering gehou sou word op 26 Augustus 1984, is daar iets by u huis afgelewer. Wat was dit?

HOF : Watter dag was die 26ste?

MNR. FICK : Die Sondag,

HOF : Die Vrydag was dan die 24ste. -- Dit was pamflette gewees waarop geskryf gestaan het hoe laat dit gaan en die (10) mense moet dit bywoon.

MNR. FICK : Wat moet hulle bywoon? -- Hierdie betrokke Anglikaanse Kerk.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Dit is nie duidelik by watter huis dit afgelewer is nie. By u eie huis? -- Elke lid van die komitee het van die pamflette ontvang om dit te versprei, maar ek praat, maar ek praat van dit wat by my huis afgelewer is.

MNR. FICK : Wie het dit by u afgelewer? -- Met my aankoms was die pamflette alreeds daar. Ek weet nie wie dit afgelewer het nie. (20)

Het u dit uitgedeel of laat uitdeel en versprei? -- Ek het dit vir 'n skoolkind gegee om te versprei.

Min of meer hoeveel het u gekry om te versprei? -- Hulle was nie so baie gewees nie. Al het ek nie getel nie, sou dit op die meeste vyftien pamflette gewees het.

26 Augustus 1984 is u toe na die Anglikaanse Kerk in Boipatong na die vergadering? -- Ja.

Het u voor die vergadering daar opgedaag of terwyl dit aan die gang was? --- Met my aankoms daar het hierdie vergadering alreeds begin. (30)

U kom nou daar by die vergadering aan. Waarheen is u?

Het u in die saal gaan sit of waar het u gaan sit? -- Ek het voor gaan sit op 'n stoel.

Daar waar die vergadering gehou was, het die ding 'n verhoog? -- Die gebou binne-in het stoele vir die gehoor en dan is daar 'n tafel heel voor met stoele waar die sprekers hulle plekke gaan neem. Dit is nie 'n verhoog nie.

Daar waar u gaan sit het, het u tussen die gehoor gaan sit of by die tafel met die waar die sprekers gaan sit het? -- Ek het heel voor gaan sit by die tafel met stoele.

By daardie tafel met stoele heel voor, was daar nog (10) ander mense wat daar gesit het toe u daar gaan sit het? -- Ja, daar was ander mense.

Wie het daar gesit toe u daar kom? -- John Mokoena.

Beskuldigde nr. 11. Wie nog? -- Seotso was besig met sy toespraak.

Was daar nog mense daar? -- Aan die linkerkant ook by die tafel was daar 'n vroumens gewees wat daar gesit het. Ek het verneem haar naam is Edith.

Was daar nog iemand? -- En nog 'n ander persoon wat ook nie aan my bekend was nie. Ek het net gehoor hy word genoem(20) Bapi.

Was daar nog enigiemand anders daar voor? -- Daar is nog een wie se naam ek vergeet het.

Die ander een wat u vergeet het, is dit 'n man of 'n vrou? -- Dit was 'n manspersoon.

U sê Seotso was besig om sy toespraak te hou toe u daar aankom? -- Ja.

Waaroor het hy dit gehad? -- Sy toespraak toe ek daar gekom het, het gehandel oor die verhoogde huurgeld, dit wil sê dit wat verhoog word, nie betaal moet word voordat daar (30) 'n gesprek gevoer is of 'n vergadering of 'n byeenkoms bygewoon

was te Houtkop nie.

Deur wie? Het hy gesê? -- Ja. By Houtkop moes daar 'n byeenkoms gewees het met die raadslede.

Was dit die tema van sy toespraak? -- Ja.

En toe hy klaar gepraat het? -- In sy toespraak het hy gepraat van die raadslid Mpondo, oor die skoolkinders wie se uniforms sommer gedurende die jaar verander word.

EOF: Het dit iets met mekaar te doen, raadslid Mpondo en die skooluniforms? -- Ja.

MNR. FICK : Hoe het hy dit bymekaar uitgebring? -- Mpondo (10) was 'n raadslid wat te doene sou gehad het met skole.

Na Seotso gepraat het, wat het toe gebeur? -- Hy het toe gesê hy gaan nou weg na 'n ander plek toe waar hy 'n vergadering moet bywoon.

Het hy gesê waar die vergadering is wat hy nou gaan bywoon? -- Ja.

Waar? -- Bophelong.

Wat het toe gebeur? -- John Mokoena het toe daar opgestaan.

Beskuldigde nr. 11. Wat het gebeur? -- Hy het ook daarvan gepraat dat die mense nie die verhoogde huurgelde betaal (20) nie voor die vergadering wat gehou sal word met die raadslede te Houtkop.

Waaroor het hy nog gepraat? -- Hy het ook maar gepraat in dieselfde trant soos mnr. Seotso.

Het hy enigiets oor die raadslede of 'n raadslid te sê gehad? -- Ja.

Wat het hy te sê gehad? -- Hy het gesê as die raadslede nie wil verstaan nie, sal hulle besighede geboikot moet word.

As die raadslede nie wat verstaan nie? Het hy verduidelik? -- As hulle nie wil verstaan in die sin dat hierdie (30) verhoogde huurgelde verminder moet word nie.

Het hy enigiets gepraat in verband met bedanking van raadslede? -- Ja, hy het toe ook gesê dat hulle moet bedank.

MNR. BIZOS MAAK BESWAAR TEEN LEIDENDE VRAAG.

MNR. FICK : Na Mokoena gepraat het, wie het toe gepraat? -- Ek het toe gepraat.

Waaroor het u gepraat? -- Ek het gesê die mense moenie die verhoogde huurgelde betaal alvorens daar 'n gesprek uitgevoer is met die raadslede te Houtkop nie.

Het iemand na u gepraat? -- Ja, daar was iemand.

Wie was dit? -- Dit is die persoon wie ek gesê het ek (10) het sy naam vergeet. Nou het ek onthou. Dit is Esau.

Weet u wat Esau se van is? -- Ek weet nie wat sy van is nie. Eintlik was hy 'n vreemdeling. Wat my betref, ken ek hom nie eers nie. Ek het net gehoor hulle sê vir hom Esau.

Wat het Esau te sê gehad? -- Hy het gesê in hierdie vergadering van ons wat hy daar bygewoon het, hoor hy geen melding wat gemaak word van 'n "stay-away". By die vergadering waarvan hy kom te Sebokeng word daar gepraat van 'n "stay-away".

Het hy hierdie "stay-away" verduidelik? -- Ja. Hy het gesê die mense is nie veronderstel om werk toe te gaan op (20) 3 September nie.

Is dit net die werkers wat nie moes gaan werk het op 3 September nie, of het hy van ander groepe ook gepraat? -- Hy het gesê dat hulle briewe gerig het aan die mense van die busvervoer dat die busse nie daardie dag moet werk nie, sowel as die huurmotors en die winkels sal toe wees.

Het hy enigiets gesê van wat is die idee hoekom moet daar op 3 September 'n "stay-away" wees? -- Ja, hy het gesê volgens hoe hy dit verstaan het, hierdie dag van 3 September moet daar gemarsjeer word na Houtkop toe, waar die raadslede(30) ontmoet moet word.

Om wat te doen? Het hy gesê? -- Om die kwessie van verhoogde huurgelde met hulle te gaan bespreek.

Wat was die gehoor se houding teenoor hierdie "stay-away" wat Esau van gepraat het? -- Hulle het saam met dit gestem.

In watter opsig het hulle saamgestem? Wat het hulle gesê? -- Hulle het so gestem. (Getuie dui aan)

HOF : Regtervuis in die lug gesteek. -- Dit is die teken van mense wat saamstem met dit wat voorgestel word deur iemand anders.

MNR. FICK : Het hulle iets gesê terwyl hulle die vuis in (10) die lug steek? -- Ja, die woorde "Amandla Awethu" was gebesig met die teken van 'n vuis.

Na Esau gepraat het, het daar nog 'n persoon gepraat? -- Ja, die dame wat saam met hulle daar gesit het, bekend as Edith aan my, het ook daar gepraat.

Waaroor het sy gepraat? -- Sy het gepraat van die vroumense wat ook moet bydra deur 'n komitee te stig, want hulle lewe ook maar onder baie swaar omstandighede.

Het die vrou Edith gesê wat se komitee gestig moet word? -- Dit kan ek nou nie meer so goed onthou nie. (20)

Op hierdie massavergadering, was daar enige resolusies geneem? -- Ja, dat daar gemarsjeer moet word na Houtkop toe.

Wanneer? -- Op die dag wat gekies was as 3 September.

Is daar enige besluit geneem van waar gemarsjeer moet word? -- Ja, daar was.

Waar was dit? -- Daar is 'n plek bekend as "Square". Daarvanaf sou die mense marsjeer het.

HOF : Is dit 'n "square" in Boipatong? -- Ja.

MNR. FICK : Ek verstaan daar is ook 'n huurmotorstaanplek in Boipatong. Is dit dieselfde plek of 'n ander plek of is (30) dit bymekaar? -- Ja, dit is dieselfde plek.

Ek het lugfoto's hier wat uitgemerk is met 'n sleutel by.
Dit is waarop die verdediging en die Staat ooreengekom het.

HOF : Vervang dit nou die vorige dokument wat ek alreeds het?

MNR. FICK : Nee.

HOF : Ons vorige lugfoto's was AAR(1) en AAR(2). Sal ons dit nie AAR(3) maak nie?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Wat is dit?

MNR. FICK : Dit is 'n lugfoto van Boipatong waarop sekere punte uitgemerk is. (10)

HOF : Dit gaan in by ooreenkoms?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Is dit korrek, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS : Dit is korrek.

MNR. FICK : Asook die punte wat uitgemerk is op die sleutel wat aangeheg is by die lugfoto. Was daar besluit hoe laat daar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net voordat u verder gaan. U het nou wel die dokument ingehandig. Waar moet ons begin kyk? Waar is die plek waarvan gepraat word? (20)

MNR. FICK : Punt 4, dit is die vierkant. Die Staat sal u later verwys na punte 2 en 3 ook. Dit is twee raadslede se wonings. Kan u aandui was daar besluit hoe laat daar bymekaar gekom moet word by hierdie vierkant? — Ja, ek kan net nie onthou presies hoe laat dit sou gewees het nie, maar dit was in die oggend gewees.

Wat se ander resolusies is daar geneem? — Aangaande die 3de?

Dit is korrek, ja? — Dit was net oor die marsjering na Houtkop toe. (30)

Was daar enige resolusies geneem ten aansien van die ... / betaling

betaling van huurgelde? -- Ja. Die resoluksie aangaande die huurgelde was dat die mense nie die verhoogde huurgelde moet betaal nie, tot tyd en wyl 'n gesprek gevoer is te Houtkop.

Was daar enige resoluksies ten aansien van raadslede aangeneem? -- Ja. Die ooreenkoms van die resoluksie was ons sal marsjeer na Houtkop toe en as hulle daar nie wil aanvaar wat ons betoog is nie en iets doen oor die huurgelde, sal hulle besighede geboikot moet word en hulle moet bedank.

Was daar enige resoluksies aanvaar in verband met openbare vervoer die dag, 3 September 1984? -- Ja, die resoluksie (10) was die een wat Esau voorgestel het dat daar geen vervoer gaan wees daardie dag nie.

Was daar enige resoluksies met betrekking tot die skole? -- Ja, dit was dat geen kind skool toe sal gaan daardie dag nie.

Gedurende die verloop van hierdie vergadering van die 26ste Augustus 1984, was daar enige liedere gesing? -- Ja, net voor die sluiting van die vergadering het ons gesing.

Wat het u gesing? -- Nkosi Sikilela was gesing.

Nog iets anders? -- Siyaya Epitoli. (20)

Nog iets? -- Een wat oor Oliver Thambo is.

Ken u sy naam? -- Ek het net saam gesing, uit my eie ken ek dit nie.

HOF : Het u die woorde geken? -- Ek kan ongelukkig nou nie meer die woorde onthou nie, maar ek het saam gesing en gevolg die manier waarop hulle gesing het.

MNR. FICK : Was elke lied een keer gesing of was dit oor en oor gesing? -- Net voor die sluiting van die vergadering was dit elk een keer gesing.

Op hierdie vergadering van 26 Augustus was daar enige (30) verkiesings gewees ook? -- Ja, as gevolg van die feit dat ons

nie almal daar teenwoordig was nie, soos ons vroeër gekies was as lede, was dit vir ons nodig gewees om nog twee ander te kies, dit wil sê in hierdie vergadering.

HOF : Dit is twee lede van die komitee? -- Ja, twee lede.

Wie is gekies? -- 'n Persoon wat aan my net bekend is as Mbai. Ek weet nie wat sy regte naam is nie.

MNR. FICK : En die ander een? -- Piet Mbongo.

Op 2 September 1984 was u by die huis gewees? -- Ja.

Het u enigiets ontvang daar by u huis? -- Ja, pamflette.

Van wie het u dit gekry by u huis? -- Van John Mokoena.(10)

Beskuldigde nr. 11. Wat se pamflette was dit nou? --

Laat ons dit regkry. Watter pamflette praat u nou van? Die 22ste of watter?

Nee, ek praat van 2 September?

HOF : Die dag voor die mars, voor die optog? -- Dit het gehandel oor die mense, dat die mense nie werk toe moet gaan nie en dit het verder die boodskap gehad dat ons mekaar weer sal ontmoet by die plek soos bespreek.

MNR. FICK : Wanneer sou u mekaar ontmoet volgens die pamflet?

-- Die 3de. (20)

Waar? -- By die "square", soos reeds bespreek was dat ons mekaar daar moet ontmoet.

3 September 1984, was u na hierdie vierkant? -- Ja, ek was soontoe.

Hoe laat het u na daardie vierkant toe gegaan in Boipatong? -- Ek het nie spesifiek na die tyd gekyk nie, maar ek skat dit was na 08h00.

Die oggend? -- Ja.

Toe u daar by die vierkant aankom, wat sien u daar? -- Met my aankoms vind ek vir John Mokoena en mnr. Seotso daar (30) by die "square".

John, beskuldigde nr. 11. Het u met beskuldigde nr. 11 gepraat? -- Ja, ek het met hulle daar 'n gesprek gevoer, want dit was ons ooreenkoms dat ons mekaar daar gaan ontmoet.

Was daar al ander mense ook toe u daar aankom? -- Ja, daar was ander mense gewees, maar ek het na hierdie mense toe gegaan, dit wil sê John Mokoena-hulle toe, omrede hulle lede was van ons komitee.

HOF : Was daar baie mense of net 'n paar mense? -- Op daardie stadium was daar net 'n paar mense gewees.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 11, toe u nou daar na hom toe gaan en met hom gaan praat, het hy iets by hom gehad? -- Ja, hy het plakkate by hom gehad. ⁽¹⁰⁾

Eerstens, hoeveel plakkate het hy by hom gehad? -- Twee of drie. Dit was nie baie nie.

Dan tweedens, hierdie plakkate, was hulle op papier, was hulle op karton, was hulle op hout? Waar op was hulle? -- Iets soortgelyk aan 'n almanak. Die materiaal is omtrent die materiaal van hierdie foto voor my. Daar was agter op met die hand geskryf.

HOF : Is dit harde glanspapier? -- Ja. (20)

MNR. FICK : Die plakkate waarvan u praat, het hulle iets aan gehad waaraan hulle gedra kon word? -- Nee, dit was net 'n groot papier gewees. Die grootte daarvan was omtrent dié van 'n almanak. Hy het niks aan hom gehad om mee te dra nie.

HOF : Ons het verskillende almanakke. Ons het groottes en kleintjies. Hoe vergelyk die plakkaat met daardie lugfoto voor u, AAR(3)? -- Ek skat dit ongeveer dieselfde grootte.

MNR. FICK : U sê daar was op geskryf. Wat was op geskryf? Het u gesien? -- Heel bo aan was daar geskryf "People must unite." (30)

Was daar nog iets op geskryf? -- Die ander geskryf daar

was klein gewees. Ek kon dit nie lees nie.

Kan u vir die Hof sê, weet u wie het hierdie plakkate gemaak? -- Ja, John het aan my gesê hy is die persoon wat dit geskryf het.

Beskuldigde nr. 11. Was daar enigiets gesê terwyl u daar gestaan het in verband met plakkate, of wat is die idee van die plakkate, gaan dit gebruik word in die mars of wat? -- Ja, daar was gesê dat hierdie plakkate gebruik moet word tydens die marsjering.

Terwyl u en beskuldigde nr. 11 en Seotso nou daar staan, (10) wat gebeur toe? -- Bedoel u terwyl ek saam met hulle daar gestaan het?

Ja? -- 'n Polisievoertuig het te voorskyn gekom.

Die tyd wat u daar gestaan het en gesels het met Seotso, het die hoeveelheid mense dieselfde gebly of het hulle minder geword of het daar meer mense bygekom? -- Hulle het meer geword.

Kan u enige aanduiding gee hoeveel mense was daar toe gewees toe die polisie daar opdaag? -- Hulle was vreeslik baie. Ek was nie in staat om hulle te tel nie.

Met wat het die polisie daar aangekom?-- Die polisie (20) het met 'n polisievoertuig daar aangekom.

Was dit 'n kar of 'n bakkie? -- Dit was 'n privaat voertuig. 'n Klein privaat voertuig.

HCF : 'n Gewone klein sedan motor? -- Ja, maar 'n mens kon sien dat dit 'n polisievoertuig was, want dit het 'n wapen opgehad.

MNR. FICK : Het die voertuig daar kom stilhou of wat het gebeur? -- Toe die voertuig daar te voorskyn gekom het, het die klomp mense wat daar was die voertuig met klippe bestook.

U sê die voertuig het te voorskyn gekom. Het hy daar op die vierkant gery of het hy in die pad afgekom? -- Die (30) voertuig het met 'n straat afgekom wat aansluit by hierdie

"square" wat ek van praat.

U sê hy word toe met klippe gegooi. Wat maak die polisie toe? -- Die polisie het omgedraai en weggejaag.

En wat maak die klomp wat nou klip gooi? -- Die mense het toe daarna gehardloop na raadslid Mpondo se woning toe.

HCF : Net die mense wat klip gegooi het of al die mense? -- Al die mense het soontoe gehardloop, dit wil sê dié wat klippe gegooi het en dié wat nie klippe na die voertuig gegooi het nie. Ons het ook gevolg.

MNR. FICK : Toe die mense nou so hardloop, het hulle in (10) stilte gehardloop of het hulle geskreeu? -- Hulle was besig om te sing.

Wat het hulle gesing? -- Die lied van Siyaya Epitoli, Amandla Awethu.

Die Amandla Awethu, het hulle dit net een keer gebruik of meer as een keer gebruik? -- Baie maal was dit herhaal.

Die vuus wat in die lug gesteeek word, het u dit ook daar gesien? -- Ja. Dit is wat opgelig word met die uiter van die woorde Amandla Awethu.

Die klomp gaan nou daar na Mpondo se huis toe. U is (20) agterna. Wat gebeur daar? -- Die hek van die perseel was gesluit gewees en die omheiningdraad is hoog. Die venster-ruite is toe met klippe gebreek.

Kon die mense op die perseel kom? -- Nee, hulle kon nie. Hulle het net met klippe gegooi van buite die perseel.

En terwyl dit nou aan die gang was, was daar nog steeds gesing en geskreeu of was dit stil gewees? -- Ja, daar was 'n gesingery aan die gang van Siyaya Epitoli en Amandla Awethu.

Hoe lank het hierdie klipgooiery by Mpondo se huis aangegaan? -- Dit was nie baie lank gewees nie, al is ek nie in (30) staat om te skat hoe lank dit was nie.

Was die ruite stukkend van die huis? -- Ja.

En was daar iemand by die huis van Mpondo wat gereageer het op hierdie klipgooiers? -- Nee, daar was niemand in die huis van Mpondo nie.

Toe hulle nou klaar daar klip gegooi het, wat gebeur toe? -- Die ander mense het toe gehardloop na die bottelstoor toe.

HOF : 'n Klomp van die mense? -- Ja, van die klomp wat by Mpondo teenwoordig was.

MNR. FICK : Die bottelstoor, hoe ver is dit van Mpondo se huis af? In dieselfde straat of waar? -- Nee, dit is ver (10) van Mpondo se woning af. Dit is in 'n ander straat geleë baie ver van Mpondo se woning.

HOF : As u praat van 'n bottelstoor, bedoel u daarmee 'n biersaal? -- Dit is alles bymekaar, bottelstoor, biersaal en 'n kroeg. Dit is by dieselfde plek.

MNR. FICK : Is u agterna om te gaan kyk wat maak hulle? -- Ja, ek het hulle agtervolg, maar ek het verbygegaan by hierdie wat na die bottelstoor toe gegaan het, na die klomp wat na raadslid Nzunga se woning toe was.

Reg, ons sal nou daarby uitkom. Die klomp wat na (20) raadslid Nzunga se huis toe gaan, is dit 'n deel van die groep wat na die biersaal toe gegaan het of is dit nou 'n ander groep? -- Die klomp het afgebreek van die klomp wat na die biersaal toe gegaan het.

Hulle het opgedeel en die een groep is toe na raadslid Nzunga se huis toe? -- Ja.

En u is agter hierdie klomp aan? -- Ja.

Op daardie stadium waar was beskuldigde nr. 11? Het u hom nog gesien of weet u nie waar washy nie? -- Hy was in my geselskap op pad na Nzunga. (30)

HOF : Mnr. Fick, kan u net vir my wys waar is Nzunga se huis.

... / MNR. FICK

MNR. FICK : Huis nr. 3. Wat het by raadslid Nzunga se huis gebeur toe u daar aankom? -- Die huis was met klippe bestook en die huis se vensterruite was gebreek. Toe dit plaasgevind het, het iemand begin skiet van binne die huis. Dit wil sê daar was iemand in die huis gewees. Dit was voor die huis aan die brand gesteek was.

Was daar baie skote geskiet of net 'n paar? -- Hy het baie min geskiet. Ek dink dit is twee skote wat hy afgevuur het as ek nie verkeerd is nie.

Het u enigiemand gesien wat getref was? -- Nee, nie- (10) mand was beseer as gevolg van die skietery van die klomp wat daar was nie.

U sê daar is klippe gegooi en geskiet. Dan praat u van aan die brand steek. Wat was aan die brand gesteek? -- 'n Voertuig, 'n Kombi en 'n lorrie sowel as die huis self.

Het u gesien hoe dit aan die brand gesteek is? -- Petrol is gebruik om die huis sowel as die voertuie aan die brand te steek. Dit wil sê die huis was met petrol gegooi of besprinkel en toe aan die brand gesteek. Dieselfde geld vir die voertuie.

Weet u waar hierdie petrol vandaan kom wat u van praat(20) wat oor die huis en voertuie gegooi is? -- Ek weet nie waarvandaan die petrol verkry was nie, maar iemand het dit daar gebring.

Het u gesien toe die voertuie aan die brand gesteek is en die petrol gegooi is? -- Ja, ek het.

Die petrol, waaruit is dit gegooi? Is dit uit 'n kannetjie gegooi of uit 'n bottel of waaruit is dit gegooi? -- Dit was 'n houer in die vorm van 'n kannetjie.

Weet u waar hierdie kannetjie vandaan kom? Is hy daar aangebring, is hy daar op die perseel gekry of kan u nie (30) sê nie? -- (Tolk: Ek het die woord gebruik in die vorm van 'n

... / kannetjie

kannetjie omdat die getuie nie gesê het of dit 'n kannetjie was nie. Dit is juis die rede hoekom ek gesê het dit was 'n houër in die vorm van 'n kannetjie. Dit is 'n beskrywing. Dit is nie wat die getuie gesê het nie.)

Die houër, weet u ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ons net vir die getuie vra presies wat dit was. Was dit 'n plastiekblik, emmer, houër of wat was dit? -- Dit is 'n plastiese houër.

Met 'n prop op? -- Dit is 'n plastiese houër in die vorm van 'n tuinemmer. Mense gebruik partykeer doppe om dit toe (10) te maak. Dit het 'n dop waarmee dit toegemaak kan word. Dit is nie die een met 'n klein doppie nie.

Is dit 'n groot plat dop soos 'n emmer se bokant wat alles kan toemaak? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Bedoel die getuie 'n emmer of 'n gieter? -- Ek praat van 'n emmer.

MNR. PICK : Die emmer, weet u of hy daar aangebring is op die perseel van êrens af, het u gesien, of was hy op die perseel gevind of weet u nie? -- Ek vermoed dat iemand dit aangebring het, want daar was 'n groot gesukkel gewees voor die mense (20) daarin geslaag het om hierdie huis aan die brand te steek.

Wat se gesukkel was daar om hierdie huis aan die brand te steek? -- Hulle wou al vroeër die huis aan die brand gestek het, maar hulle was nie in staat gewees om dit te doen nie. Dit is hoekom ek sê hulle gesukkel het, tot op die stadium wat die petrol later op die toneel was en toe het hulle eers daarin geslaag om dit aan die brand te steek.

Die persoon wat nou vroeër geskiet het, weet u wat het van hom geword intussen? -- Nee, dit weet ek nie.

Weet u of daar enige ander mense nog in die huis was (30) op daardie stadium of weet u nie? -- Ek was onder die indruk

gewees dat die persoon die enigste persoon was in die huis, al het ek nie die persoon gesien nie. Dit was as gevolg van die skote wat ek gehoor het wat afgevuur was dat ek daardie afleiding gemaak het.

Hoeveel mense was hier by raadslid Nzunga se huis? — Ek sal nie 'n getal kan sê nie. Al wat ek kan sê is, dit was 'n groot klomp.

Terwyl hulle hier na raadslid Nzunga se huis toe gegaan het en terwyl hulle daar besig was om met klippe te gooi en die huis gebrand het, was daar nog gesing en nog geskreeu (10) of wat is die posisie? — By Nzunga se woning was daar nie 'n gesingery gewees nie.

Toe die mense op pad was soontoe, was daar toe ook nie 'n gesingery gewees nie? — Op die stadium wat hulle na Nzunga se huis toe gegaan het, was hulle haastig gewees, want hulle het gehardloop, in die sin dat die polisie op enige stadium te voorskyn kon gekom het daar. Dus was daar nie tyd om te sing nie.

Die raadslid se huis en voertuie brand nou, wat gebeur toe? — Terwyl dit aan die brand was, is hierdie klomp toe (20) vort na die raadslid se winkel toe.

Die winkel, is hy daar in dieselfde omgewing as die huis? — Dit is nie baie ver van die huis nie.

Is u agterna? — Ja, ons het hulle agtervolg.

HCF : Wie is nou ons? — Ek, John Mokoena en Seotso.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 11. Laat ons een ding duidelik kry. Die winkel van die raadslid Nzunga, is dit 'n enkel gebou waar sy winkel is of is dit deel van 'n hele kompleks, saam met ander winkels? — Dit is 'n groot kompleks en die winkel van hom vorm deel van die koopsentrum. (30)

Het die hele groep van Nzunga se huis af gegaan na die

... / winkel

winkel toe of net 'n deel daarvan? -- Ek kan sê die hele klomp is toe vort na die man se winkel toe, want die huis was alreeds aan die brand gewees.

Wat het daar by die winkel gebeur van Nzunga? -- Daardie winkel is gebreek en die goedere is uitgeneem uit die winkel uit. Dit was nie aan die brand gestee nie, want hulle het gesê hierdie winkel is aanmekaar met ander mense se winkels wat nie raadslede is nie.

HOF : Wie is die hulle? -- Die klomp wat die huis aan die brand gestee het, is die hulle waarna ek verwys wat ge- (10) praat het.

MNR. FICK : Is dit mense daar in die groep? -- Ja.

Die winkel is toe geplunder? -- Ja.

K111

HCF : Is net die een winkel in die kompleks geplunder of was ander winkels in die kompleks ook geplunder? -- Net hierdie winkel van die raadslid was geplunder gewees, nie die ander winkels nie.

MNR. FICK : Die plundering, waaruit het dit bestaan? Is die hele winkel leeg gedra of is daar net party goed uitgedra? -- Ek sal nie kan sê of hulle alles gevat het nie, want die (20) polisie het ook daar opgedaag. Dus het hulle nie die kans gehad om dit te doen nie. Op 'n stadium het ons ook toe weggegaan.

